

# Lekkerbekkie Nuusbrief

21 JANUARIE 2015 | UITGAWE 84



## Inhoud:

- \* Kinderstorie: Dokter Uil en die slakkie (deur Corlie Putter)
- \* Produk van die week: Ben By storie-CD!
- \* Inkleurprentjie: Dokter Uil en die slakkie

**annaemm**  
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis *Lekkerbekkie Nuusbrief*: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## Dokter Uil en die slakkie deur Corlie Putter

Dokter Uil is moeg. Hy is al die hele oggend besig om diertjies te help. Hy maak vir homself 'n koppie tee en gaan sit op 'n tak om te rus. Terwyl hy sy tee drink, hoor hy skielik iets. Hy loer af grond toe en sien 'n slakkie onder die boom. Dokter Uil gril, want hy hou nie eintlik van slakkies nie. Hulle is slymerig en 'n bietjie dom.

“Dokter Uil!” roep die slakkie. “Kan jy my asseblief help?”

Dokter Uil sug, sit sy tee neer en gaan maak vir die slakkie oop. “Wat is fout?” vra hy.

“Ek dink ek het tandpyn,” antwoord die slakkie.

Dokter Uil skud sy kop. “Dit kan nie wees nie. Slakke het mos nie tande nie!”

“O,” sê die slakkie, “dan is dit seker my groottoon wat seer is.”

Dokter Uil rol sy oë en sê: “Nee, jy het ook nie 'n groottoon nie.” Dokter Uil maak sy medisyne-tassie oop en haal sy flitsliggie uit. Maar voor hy iets kan doen, begin die slakkie skielik op en af spring!

“Wat maak jy nou?” roep Dokter Uil verbaas. Maar die slakkie antwoord nie. Hy spring teen Dokter Uil se muur en bo-oor sy stoel. Hy spring só hoog dat hy sy kop teen die dak stamp! Hy spring bo-oor Dokter Uil se kop en by die deurtjie uit! “HELP!” roep hy.

Die slakkie spring nou soos 'n rubberballetjie al met die paadjie af. Hy spring bo-oor die stroompie en bo-oor al die diertjies se koppies. Dokter Uil gryp sy medisyne-tassie en vlieg agter die slakkie aan. By die stroompie hou die slakkie op met spring. “Ek dink ek het 'n kopseer,” sê hy moedeloos.

Dokter Uil se oë is baie groot, hy het nog nooit so iets gesien nie! Hy gee vir die slakkie 'n bietjie water en plak 'n pleister op sy koppie. Dokter Uil luister na die slakkie se hartjie en kyk in sy ogies. Hy kielie die slakkie onder sy lyfie en klop aan sy doppie, maar kry niks fout nie.

“Maak oop jou mond asseblief,” vra Dokter Uil, en hy loer met sy vergrootglas in die slakkie se mond. “AHA!” roep hy. Hy haal 'n lang, blink tang uit sy medisyne-tassie. Die slakkie se ogies rek, maar voor hy kan keer, trek Dokter Uil iets uit sy mond uit!

“Is dit my tand?” vra die slakkie.

“Nee,” lag Dokter Uil, “dis 'n springmielie wat jy ingesluk het! Dis hoekom jy so rond gespring het!”

Verdien 'n ekstra inkomste in 2015 deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstories-produkte!  
Kontak [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir meer inligting of besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)

## Produk van die week

# Ontmoet vir Ben By en die ander insekte in die tuin...

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za) vir 'n volledige katalogus.

**Ben By, Nita Naaldekokker, Sarel Sonbesie en Paula Perdeby woon in die mooiste tuin in die straat! Leer hulle beter ken in vier lekkerluister stories op CD voorgelees deur Lizelle Alkema! Hierdie stories is geskik vir kinders 3-9 jaar. Lekker luister!**

**Koop jou “BEN BY” storie-CD met vier lekkerluister stories hierdie week vir R95... en kry die BEN BY Pretpak heeltemal GRATIS! Die pretpak is 'n promosie-produk wat net vir hierdie week verkrygbaar is.(Pretpak waarde = R15). Kontak 021 930 0908 | [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir 'n AnnaEmm agent in jou area! Aanbod geldig tot 26 Januarie 2015.**

**annceemm**  
kinderstories

# Luisterstories

**Nuut!** op CD!

**Ontmoet vir Ben By en die ander insekte in die tuin!**

Stories op die CD:

1. Ben By
2. Nita Naaldekokker
3. Sarel Sonbesie
4. Paula Perdeby

ANNA EMM KINDERSTORIES  
**BEN BY**  
en ander outlike kinderstories  
Stories deur Anna Emm - Voorgelees deur Lizelle Alkema

ANNA EMM KINDERSTORIES  
**BEN BY**  
Pretpak  
EENMALIGE AANBOD!  
Vyt A4 inkleuraktiwiteite oor Ben By.

Verbind die kolletjies

BY Ek het 'n paar dinge waggies!  
Kan BEN BY

Kan jy die B-klankie remskrif?  
Sien kind!

**Bb**  
B B B B  
b b b b

Omkring al die B-klankies in die storie:  
Ben die by woon in 'n blom. Hy hou baie van soetaard. Ben By bak lekker koekies. Hy bak

**Spesiale aanbod:**  
**Koop jou Ben By-CD @ R95**  
**vóór 26 Jan 2015...**  
**en kry die**  
**Pretpak GRATIS!!**  
(Waarde R15)

**NB: Die pretpak is 'n**  
**promosie-produk en slegs**  
**beskikbaar tot 26 Jan!**


### Word 'n Anna Emm storie-agent in 2015!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak [agente@annaemm.co.za](mailto:agente@annaemm.co.za) | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

# Dokter Uil en die slakkie

illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!  
Kontak [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir meer inligting of besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)